DEPARTEMENT VAN JUSTISIE EN STAATKUNDIGE ONTWIKKELING

NO. R. 580 **22 MEI 2020**

WET OP SKULDINVORDERAARS, 1998
REGULASIES BETREFFENDE SKULDINVORDERAARS, 2003: WYSIGING

Die Minister van Justisie en Korrektiewe Dienste het kragtens artikel 23 van die Wet op Skuldinvorderaars, 1998 (Wet No. 114 van 1998), en na oorleg met die Raad vir Skuldinvorderaars, die regulasies in die Bylae uitgevaardig.

BYLAE

Woordomskrywing

1. In hierdie regulasies beteken "die Regulasies" die regulasies afgekondig by Goewermentskennisgewing No. R. 185 van 7 Februarie 2003, soos gewysig deur Goewermentskennisgewings Nos. R. 1623 van 7 November 2003, R. 741 van 29 Julie 2005, R. 1044 van 2 November 2007, soos reggestel deur Goewermentskennisgewing No. R. 1093 van 23 November 2007 en gewysig deur Goewermentskennisgewings Nos. R. 1120 van 27 November 2009, R. 162 van 1 Maart 2011, R. 623 van 10 Augustus 2012, R. 381 van 7 Junie 2015, R. 1272 van 23 Desember 2015 en R. 1141 van 27 Oktober 2017.

Wysiging van regulasie 11 van die Regulasies

2. Regulasie 11 van die Regulasies word hierby gewysig deur die uitdrukking "R870" deur die uitdrukking " R1023,00" te vervang.

Vervanging van Aanhangsel B tot die Regulasies

3. Aanhangsel B tot die Regulasies word hierby deur die volgende Aanhangsel vervang:

"AANHANGSEL B
Uitgawes en gelde
[Regulasie 11]

Let wel: Die totale bedrag wat van 'n skuldenaar ingevolge items 1 tot 7 van die Aanhangsel gevorder staan te word, mag nie die kapitale bedrag van die skuld of R965, 00, na gelang van watter die minste is, oorskry nie.

Item	Beskrywing	Bedrag
1.(a)	Noodsaaklike gewone brief, geregistreerde brief, faksimilee of e-pos:	R21,00 (en in die geval van 'n geregistreerde brief, die koste vir registrasie bykomend).
1.(b)	Geregistreerde brief (artikel 57 van die Wet op Landdroshowe, 1944 (Wet No. 32 van 1944)):	Die bedrag soos van tyd tot tyd voorgeskryf in item 8 van Aanhangsel 2, Tabel A, Deel II van die 'Rules Regulating the Conduct of the Proceedings of the Magistrates' Courts of South Africa'.
1.(c)	Noodsaaklike elektroniese kommunikasie, anders as faksimilee of e-pos (per elektroniese kommunikasie):	R3,00 (maksimum van tien elektroniese kommunikasies per maand).
2.	Noodsaaklike telefoonoproep, wat nie 'n konsultasie daarstel nie (per oproep):	R21,00.
3.	Ander noodsaaklike uitgawes waarvoor daar nie spesifiek voorsien is nie, 'n totale bedrag van:	R21,00.
4.(a)	Erkenning van skuld en onderneming om skuld ingevolge artikel 57 of artikel 58 van die Wet op Landdroshowe, 1944 (Wet No. 32 van 1944), (insluitende nodige konsultasie met skuldenaar) te betaal:	Die bedrag soos van tyd tot tyd voorgeskryf in items 9 en 10 van Aanhangsel 2, Tabel A, Deel II van die 'Rules Regulating the Conduct of the Proceedings of the Magistrates' Courts of South Africa'.
4.(b)	Oorspronklike dokumente deur die skuldenaar onder item 4(a) by die skuldenaar se woning of werksplek geteken:	R210,00.
4.(c)	Noodsaaklike geregistreerde kredietburo soek:	R14,00 (maksimum van vier soeke per maand).
5.	Op versoek van die skuldenaar, die opstel en verskaffing van 'n ander afrekeningstaat, as die sesmaandelikse afrekeningstaat:	R41,00.
6.	Korrespondensie ontvang en hanteer:	R11,00.
7.	Noodsaaklike konsultasie met skuldenaar:	R52,00.
8.	Bywoning van taksasie:	R82,00.
9.	By ontvangs van 'n paaiement (een of meer) ter delging van die skuld, insluitend betalings direk aan kliënt gemaak:	Gelde van 10% van die paaiement ontvang, onderhewig aan 'n maksimum bedrag van R509,00. Geen bykomende fooi sal gehef word vir enige verskyning in verband met die ontvangs of betaling van enige paaiement nie.".